

RAINBOW DIAMONDS (EDMS) BEPERK

1ste Appellant

B STRUCK

2de Appellant

KAMMAGAS MYNBOU (EDMS) BEPERK

3de Appellant

R C VERSLUIS (EDMS) BEPERK

4de Appellant

vs

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS=
ASSURANSIEMAATSKAPPY

Respondent

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

<u>RAINBOW DIAMONDS (EDMS) BEPERK</u>	1ste Appellant
<u>B STRUCK</u>	2de Appellant
<u>KAMMAGAS MYNBOU (EDMS) BEPERK</u>	3de Appellant
<u>R C VERSLUIS (EDMS) BEPERK</u>	4de Appellant

en

<u>SUID-AFRIKAANSE NASIONALE</u> <u>LEWENSASSURANSIEMAATSKAPPY</u>	Respondent
---	------------

CORAM: RABIE, HR, JANSEN, CORBETT et JOUBERT, ARR
GALGUT, Wnd AR

VERHOOR: 19 Maart 1984

GELEWER: 30 Maart 1984

U I T S P R A A K

GALGUT, Wnd AR

Mankor

Mankor Beleggings Beperk (Mankor) was gedurende Februarie 1971 die houer van aandele in 'n maatskappy Bontekoe Mynbou Ondernemings (Edms) Beperk (Bontekoe). Die aandele is afsonderlik aan elk van die appellante verkoop. Bontekoe is 'n ontginningsmaatskappy wat 'n konsessie verkry het om diamante in 'n Kleurlinggebied te ontgin. Dit was 'n bepaling van die kooporeenkoms dat elke koper ten opsigte van elke aandeel benewens die koopprys, 'n bedrag aan Mankor sou betaal gelykstaande aan een tweehonderd en vyftigduisendste van vyf persent van die bruto verkoopswaarde van alle diamante bokant tagtig duisend karaat wat deur Bontekoe uit die konsessie gehaal sou word na 14 September 1970. Hierdie bedrag

waarna

waarna ek sal verwys as 'n tantième, sou betaalbaar wees sodra die betrokke diamante verkoop word. Die rede vir hierdie voorwaardelike verpligting was dat die beraamde produksie van die konsessie 80 000 karaat sou wees, dat die koopprys van die aandele bereken was op die basis van hierdie beraming en dat Mankor 'n tantième verlang het indien die beraming te laag sou wees. Die produksie van diamante het in Junie 1975 80 000 karaat te bowe gegaan.

Die respondent, Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransiematskappy (Sanlam) en sy genomineerdes het al die aandele in Mankor verkry. Mankor het dus 'n volfiliaal van Sanlam geword en daar is besluit om Mankor se bates aan Sanlam oor te dra en Mankor te ontbind.

Op

Op 8 Desember 1971 is Mankor se bates aan Sanlam verkoop.

Op 9 Junie 1972 is Mankor by wyse van 'n spesiale besluit

vrywillig gelikwideer. Die enigste bates wat in die

likwidasierekening voorkom, is kontantbedrae en likiede

eise. Die rede hiervoor is dat alle ander bates, of so

is daar aanvaar, reeds voor likwidasierekening aan Sanlam verkoop

was. Die bogenemde vorderingsregte teen die verweerders,

wat destyds nog bloot voorwaardelike regte was, is

heeltemal oor die hoof gesien by die verkoop van die

bates aan Sanlam sowel as by die likwidasierekening van Mankor.

Volgens Mankor se likwidasierekening was

daar 'n groot oorskot van bates oor laste. Hierdie

oorskot is oorgedra aan die aandeelhouders, dit wil sê

aan

aan Sanlam en sy genomineerdes. In Maart 1974 is Mankor
 finaal ontbind ingevolge art 174(1) van die Maatskappywet,
 no 46 van 1926.

Soos reeds gemeld het die produksie van
 diamante in Junie 1975 80 000 karaat te bowe gegaan.
 Hierdie feit het tot Sanlam se kennis gekom en die ver=
 weerders is aangesê om die tantième, wat aan Mankor
 verskuldig sou gewees het indien Mankor nie ontbind was
 nie, te betaal. Aansienlike korrespondensie het gevolg.
 Gedurende die briefwisseling, eintlik meer as twee jaar
 na die ontbinding, het Sanlam tot die besef gekom dat
 Mankor se vorderingsregte teen die verweerders nooit aan
 Sanlam of enigiemand anders oorgedra is nie. Normaalweg

sou

sou die manier om hierdie probleem op te los, gewees het om 'n hofaansoek te rig om die ontbinding van Mankor nietig te laat verklaar. Hierdie prosedure kon egter nie gevolg word nie. Die rede was dat so 'n aansoek ingevolge art 191 van die vorige Maatskappywet van 1926 slegs binne twee jaar na ontbinding van die Maatskappy gedoen kon word. (Luidens art 420 van die nuwe Maatskappywet 61 van 1973 is daar geen sodanige beperking nie.) Die metode wat toe gevolg was om Mankor se vorderingsregte aan Sanlam te laat toekom was om by die Staat aansoek te doen om die regte (wat, so is daar gemeen, as bona vacantia die Staat toegeval het) aan Sanlam te sedgeer. Op 17 April 1980 is 'n skriftelike sessie aangegaan wat as volg lui:

"SESSIE

"SESSIE VAN REGTE TOT UITGESTELDE VERGOEDING

Aangesien

(a) Mankor Beleggings Beperk (Mankor) gedurende Februarie 1971 die volgende aantal aandele in Bonte Koe Mynbou Ondernemings (Edms) Beperk (Bonte Koe) onderskeidelik aan Rainbow Diamond (Edms) Beperk (Rainbow), Kommagas (Edms) Beperk (Kommagas), R C Versluis (Edms) Beperk (R C Versluis) en mnr B Struck verkoop het teen 'n bepaalde koopsom nl.

aan Rainbow	9 705 aandele
aan Kommagas	8 507 aandele
aan R C Versluis	24 707 aandele
aan B Struck	<u>4 856</u> aandele
	47 775 aandele

(b) dit 'n bepaling van die genoemde Ooreenkoms was dat, benewens die bogenoemde koopsom elkeen van die kopers aan Mankor 'n bepaalde gedeelte van die bruto verkoopswaarde van alle diamante bokant 80 000 karaat wat Bonte Koe vanaf 14 September 1970 uit bepaalde konsessies sou haal (hierna genoem die vorderingsreg) aan Mankor moet betaal;

(c) Mankor

- (c) Mankor op 4 Maart 1974 finaal gelikwideer en later ontbind is toe sy enigste aandeelhouers, die Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransiematskappy (Sanlam) en 'n nomine van Sanlam was;
- (d) die genoemde vorderingsreg vanweë 'n oorsig nie in die genoemde likwidasië aan die aandeelhouers oorgedra was nie;
- (e) die genoemde vorderingsreg vanweë die feite in die voorafgaande paragraaf genoem, bona vacantia aan die Staat toegeval het;
- (f) die diamante wat Bonte Koe uit die gemelde konsessies gehaal het vanaf ongeveer die laaste kwartaal van 1974 die 80 000 karaat kerf oorskry het;
- (g) die Staat die vorderingsreg wat aan hom toegeval het in die omstandighede nie vir homself wil opeis nie;

nou derhalwe

(1)

sedeer ek, die ondergetekende, Egmont Gioberti Kemp in my hoedanigheid as Hoofdirekteur Finansiële Beheer en behoorlik daartoe gemagtig

namens

namens die Staat die genoemde vorderingsreg, behoudens klousule 2, aan Sanlam.

(2)

Sonder om afbreuk te doen aan die algemene strekking van die voorafgaande, sluit die genoemde sessie die volgende in:

- (i) die regte teen die Kopers soos genoem in paragraaf (a) van die aanhef op betaling soos uiteengesit in paragraaf (b) van die aanhef sowel as
- (ii) die eise vir die bedrae waarvoor die genoemde kopers reeds kragtens die Ooreenkoms genoem in paragraaf (b) van die aanhef, aanspreeklik geword het en wat nog nie aan Mankor betaal is nie."

Die appellante erken dat, indien Mankor nog

bestaan het, hulle teenoor Mankor onderskeidelik aan=

spreeklik sou gewees het in die volgende bedrae:

Eerste Appellant	R 9 732,69
Tweede Appellant	4 869,85
Derde Appellant	8 574,44
Vierde Appellant	24 902,79

Sanlam

Sanlam het, as sessionaris, die nakoming deur die verweerderes van hul ooreenkoms met Mankor en in besonder betaling van die agterstallige bedrae geëis. Die geleerde Regter a quo het in sy uitspraak die bovermelde bedrae met aanvullende regshulp aan Sanlam toegeken. Die appèl is teen hierdie beslissing.

Ek ag dit gerade om hier te meld dat die Tesourie kennis ontvang het van Sanlam se hofgeding teen appellante. n Brief onderteken deur die sekretaris van die Tesourie is ten tyde van die verhoor by die Hof a quo ingehandig. Die relevante paragrawe lui:

"INSAKE SANLAM NASIONALE LEWENSASSURANSIE=
MAATSKAPPY BEPERK v RAINBOW DIAMONDS (EDMS)
BEPERK EN ANDERE

Hiermee bevestig ek dat die Staat en in besonder die Departement van Finansies van

die

die Republiek van Suid-Afrika kennis dra van bogenoemde aksie (saak nr 1 4670/80) wat op 1 Junie 1982 in die Hooggeregshof, Kaapstad verhoor word.

Aangesien die Staat nie aanspraak op die betrokke bates wil maak nie, het dit geen belang om as 'n party tot die geding gevoeg te word nie en berus hy by enige beslissing wat die Hof in die saak mag gee."

Soos uiteengesit in par. 1 van die sessie is

mnr Kemp die Hoofdirekteur Finansiële Beheer in die Departement van Finansies (die Tesourie). Hy het in die Hof a quo getuig dat die Tesourie gemiddeld met nagenoeg ses aansoeke per jaar te doen het waar die houe gevra word dat 'n ontbindende maatskappy weer teruggeplaas word op die register van maatskappye omdat daar sekere bates van die maatskappy ontdek is; dat die beleid en die

gebruik

gebruik is dat die Staat hom nie verryk ten koste van enige regmatige eiser wat sy eis kan bewys nie; dat Sanlam se aansoek dat die regte wat voorheen aan Mankor behoort het, gesedeer moet word aan Sanlam voor 'n junior amptenaar gekom het; dat die Adjunk-Staatsprokureur gevra is of Sanlam 'n regmatige aanspraak het en of die sessie beantwoord aan die beleid en gebruik van die Staat en of die Staat se regte by wyse van 'n sessie oorgedra kan word; dat die antwoord bevestigend was; dat aangesien hierdie aansoek afwyk van die normale, die saak aan hom, Kemp, voorgelê is; dat aangesien die Tesourie net betrokke was by die beleidsaspek en gesien die Adjunk-Staatsprokureur se bevestigende antwoord hy in sy voormelde hoedanigheid

namens

namens die Tesourie die sessie aanvaar en onderteken

het. In antwoord op 'n vraag het hy gesê dat hy,

dit wil sê die Tesourie, kragtens art 31(1)(i) van die

Skatkis en Ouditwet 66 van 1975, (die Wet) aldus opgetree

het.

Die betoog wat in hierdie Hof deur mnr Nel

namens die appellante gelewer is kan onder twee hoofde

tuisgebring word nl.:

A. Die Staat het nie eiendomsreg op die vorderingsreg

teen die appellante verkry nie en derhalwe het dit

nie oordraagbare regte verkry nie.

B. Indien aanvaar word dat die Staat wel eiendomsreg

op die vorderingsreg verkry het, het dit sonder

die

die nodige gesag die betrokke regte oorgedra.

Aangaande betoog A - Die verkryging van
eiendomsreg en oordraagbare regte

Die submitisie namens appellante is dat, by

die ontbinding van 'n maatskappy, slegs 'n vorderingsreg

die Staat toeval en nie ipso facto eiendomsreg nie;

derhalwe is al wat aan die Staat toegeval het 'n

vorderingsreg op 'n vorderingsreg.

Die reël dat bona vacantia die Staat toeval

kom in die Romeinse Reg voor ten opsigte van intestate

vererwing in gevalle waar daar geen intestate erfgename

bestaan nie. Kyk Van Oyen Leerboek van Romeinsch

Privaatrecht 3de druk bl 530; Thomas - Text Book of Roman

Law

Law bl 525. Thomas - op cit - bl 178 sê ook die

volgende:

"..... in the early imperial period there appeared the rule that treasure, like other ownerless property (bona vacantia), went to the imperial treasury, the fisc."

Kyk ook Ex Parte Spangenberg 24 SC 288 op 289; Est. Baker and Others v Est. Baker and Others 25 SC 234 op 242.

Volgens die Engelse reg het bates na die

"Crown" oorgegaan by ontbreking van enige intestate

erfgenaam. Kyk In re Sir Thomas Spencer Wells,

Swinburne-Hanham v Howard 1933 Ch D 29. Hierdie saak het

voor die "Court of Appeal" gedien. Die relevante

passasie is te vinde op bls 43 - 44 (LORD HANWORTH M R).

Op bl 50 sê LAWRENCE LJ die volgende:

"The

"The right of the Crown to succeed to the personal estate vested in a company at the time of its dissolution does not in my opinion differ in substance from the right of the Crown to succeed to the personal estate of a person dying intestate without next of kin. In both cases the title of the Crown arises because the property has no other owner; such property must not, of course, be confused with property the owner of which is unknown."

In die Engelse reg geld die koninklike prerogatief waar maatskappye ontbind is. Kyk art 296 van die Companies Act 1929 en art 354 van die Companies Act 1948. Art 354 lui as volg (die onderstreping is myne):

"Where a company is dissolved, all property and rights whatsoever vested in or held on trust for the company immediately before its dissolutionshall, subject to and without prejudice to any order which may at any time be made by the court under the last

foregoing

foregoing sections, be deemed to be
bona vacantia and shall accordingly belong
 to the Crown and shall vest and
 may be dealt with in the same manner as other
bona vacantia accruing to the Crown"

(Die omstandighede waaronder die hof die ontbinding van
 'n maatskappy nietig kan verklaar word uiteengesit in die
 "last foregoing sections.")

Ons Maatskappywet 61 van 1973 bevat nie 'n
 bepaling soortgelyk aan die Engelse art 354 nie.

Dit is gerieflik om op hierdie stadium iets
 te sê oor die oorgang in ons reg van bona vacantia by die
 ontbinding van 'n maatskappy.

In Ex Parte Sprawson (In re Hebron Diamond
Syndicate Limited) 1914 TPA 458 op bl 461 het BRISTOWE, R
 die volgende gesê:

"The"

"The general rule is that as soon as a corporation ceases to exist, all its movable property goes as bona vacantia to the Crown. It seems to me, therefore, that the Crown is entitled to this fund. The only distinction between this and other movable property is that it is a right of action, as distinguished from actual chattels; but I do not think that makes any difference. Therefore I think the property has passed as bona vacantia to the Crown. That renders it necessary to approach the Crown and ascertain whether they lay any claim to the property."

Sprawson se saak was 'n aansoek om die terugplasing van 'n reeds ontbinde maatskappy se naam op die register van maatskappye, en die hervestiging van sy reg tot gelde in die voogdyfonds. Die hof het beslis dat kennisgewing van die aansoek aan die Tesourie gegee moes word. By 'n later verhoor van die saak is die aansoek toegestaan

nadat

nadat die Sekretaris van Finansies verslag gedoen het
 dat die Tesourie geen beswaar teen die toestaan van die
 bevel het nie.

In Ex Parte The Government 1914 TPA 596

is weer eens beslis dat die bates van 'n ontbinde maatskappy
 as bona vacantia die Staat toekom. Die hof het daar te
 doen gehad met 'n plaas wat geregistreer was op die naam
 van 'n Engelse maatskappy wat sewe jaar vantevore ontbind
 was. Op bl 597 sê MASON J die volgende:

"Now this right to bona vacantia seems to me
 substantially a prerogative of the Crown. I
 think it is quite likely that that prerogative
 must be determined in accordance with the law
 of England. If so, there can, so far as I
 can judge, be no question that the
 Government is entitled to the order for which
 it asks. It is true that the land being

situate

situate in the Transvaal, the rights of individuals to the land would have to be determined by Transvaal law. But there apparently being no individual, even under Transvaal law, who is entitled to the land, it becomes bona vacantia. Therefore the prerogative of the Crown, even if governed by the law of England, seems to me to apply. Under Roman-Dutch law, so far as I can judge, the same principles with reference to bona vacantia, and the right of the Fisc, or the Crown, also apply. The general case which undoubtedly is dealt with is that of intestacy, where there are no heirs. In that case the bona vacantia undoubtedly go to the Crown. There is a definite decision on this point in the Cape courts - Ex Parte Spangenberg (17 CTR 380). There is also the case of Becker & Others v Estate of Becker (25 SC 234), which deals with the matter still more fully. These certainly are cases of intestacy. So far as I can judge from the Civil authorities, the doctrine of bona vacantia applies to all 'derelict' property, and some of the instances given

.....show

.....show the general application of the principle, namely, that the Crown is apparently entitled to property to which no one else can establish a title or is likely to be able to establish a title."

(Die bovermelde saak van Becker word verkeerd aangehaal en moes Baker and Others v Estate Baker gelees het). Hierdie beslissings is sedertdien konsekwent in ons howe gevolg.

Die prosedure neergelê in Sprawson se saak word steeds gevolg waar daar bates betrokke is by aansoeke om die nietigverklaring van maatskappye se ontbinding (art 191 van die Maarskappywet van 1926 en art 420 van die Maatskappywet van 1973 (nr 61 van 1973) asook by aansoeke om die terugplasing van die name van maatskappye op die register (art 199(7) van die 1926 Wet en art 73(6)

van

van die 1973 Wet). Kyk byvoorbeeld In re Jacobsons Ltd

1927 TPA 857; Ex Parte Liquidation Lime Products (Pty) Ltd,

1942 KPA 402; Ex Parte Minister of Irrigation, 1948(2)

SA 779 (K); Ex Parte Pillay & Sons Ltd, 1951(1) SA 229 (T);

Norton District Tobacco Warehouse (Pty) Ltd v Skea,

1963(1) SA 856 (FSC); Ex Parte Marchini, 1964(1) SA 147 (T)

en Ex Parte Minister of Lands, 1964(3) SA 469 (T).

In Ex Parte Minister of Irrigation, sup cit,

is die reël bevestig ten opsigte van sekere eiendom en

uitkeerwerke wat aan 'n ontbinde besproeiingsraad behoort

het

het sowel as sekere saaklike regte van toegang wat

daaraan verbonde was.

Ter ondersteuning van sy bogemelde betoog

het appellante verwys na twee beslissings, nl.

Ex Parte Montrose Exploration Co Ltd 1918 TPA 179 en

Ex Parte Minister of Irrigation, sup cit.

In die Montrose-saak word daar op bl 182 die

indruk geskep dat die Staat slegs eienaar van die

bona vacantia (in daardie geval grond) kan word as dit 'n

hofbevel te dien effekte verkry. In daardie saak is die

aanspraak van die Staat beskou as soortgelyk aan die

belang

belang van 'n koper wat die eiendom gekoop het voordat die eienaar-maatskappy ontbind is. Daardie benadering is myns insiens prinsipieel verkeerd. In die eerste plek word eiendomsreg nie oorgedra deur hofbevele nie; hofbevele kan hoogstens verklaar wie die eienaar is; 'n hof kan 'n bepaalde persoon gelas om eiendomsregte oor te dra. Tweedens indien die Montrose-beslissing korrek is dan was daar sedert die ontbinding van die maatskappy geen eienaar van die betrokke grond nie tot tyd en wyl iemand 'n hofbevel verkry het. Dit is 'n onhoudbare gevolgtrekking.

In

In Ex Parte Minister of Irrigation het die

Staat 'n verklarende bevel verkry dat dit die eienaar van sekere onroerende eiendom met uitkeerwerke is. Die saak is geen gesag vir die advokaat se submitisie nie.

Gesien die dicta in die bogemelde beslissings

en gesien wat hierbo uiteengesit is, is ek van mening dat die Staat, by die ontbinding van Mankor, die eienaar geword het van die vorderingsregte. Dit volg dat betoog A nie kan slaag nie.

Aangaande betoog B - Die vorderingsregte
is sonder die nodige gesag oorgedra

Mnr Kemp se magtiging om namens die Tesourie

op

op te tree is nie aangeveg nie. Wat wel aangeveg is, is die Tesourie se magtiging om namens die Staat op te tree.

Mnr Kemp en die sekretaris van die Tesourie self het te kenne gegee dat die Staat geen aanspraak op die vorderingsreg het nie. Mnr Kemp het gesê dat hy kragtens art 31(1)(i) van die Wet opgetree het.

Artikel 31(1)(a) lui:

"(1) Behoudens die bepalinge van hierdie Wet en enige ander wet, het die Tesourie die bevoegdheid om

(a) leiding te gee in en beheer uit te oefen oor die finansiële administrasie en voorrade-administrasie in die Staatsdiens ten einde die sistematiese en ordelike bestuur daarvan te bewerkstellig en doeltreffendheid en besuiniging by die aanwending van Staatsgeld en van ander Staatsgoed te bevorder."

Ter

Ter aanvulling van hierdie algemene bevoegdheid, word daar sekere spesiale bevoegdhede verleen in art 31(1). Onder meer is daar die bevoegdhede om -

"(i) goedkeuring te verleen vir die skikking van 'n eis deur of teen die Staat of vir die afstanddoening van 'n eis deur die Staat;

.....

(r) goedkeuring te verleen vir die vervreemding of verhuring van of die ander beskikking oor roerende Staatsgoed."

Dit bring my by die gronde waarop die Tesourie se magtiging om die sessie aan te gaan deur die partye onderskeidelik ondersteun of aangeveg word.

Namens die appellante is betoog dat die funksies wat aldus aan die Tesourie verleen word, bloot

toesighoudend

toesighoudend van aard is; dat die Tesourie goedkeuring mag verleen vir die skikking of afstanddoening van 'n eis deur 'n ander staatsdepartement, maar nie self 'n eis mag skik of daarvan afstand doen nie; dat die Tesourie nie self mag beskik oor roerende Staatsgoed nie, hoewel dit goedkeuring mag verleen dat ander departemente dit doen; dat die Tesourie se funksie ingevolge art 31(1) bloot dié van 'n waghond is oor die dade van ander departemente; dat die bewoording van arts 31(1)(i) en (r) nie die afstanddoening of oordrag van regte deur die Tesourie magtig nie.

Daar is verder betoog dat die magte ingevolge

art 31(1) uitgeoefen moet word "behoudens die bepalinge

van

van enige Wet"; dat ingevolge art 98 van die Grondwet 32 van 1961 alle "inkomste" na staatsinkomste=fonds moet gaan en alle uitbetalings ooreenkomstig 'n Wet moet geskied; dat vervreemding van roerende bates van die Staat ingevolge art 4 van die Wet op die Staatstenderraad nr 86 van 1968 moet geskied.

'n Verdere betoog namens appellante is dat ingevolge art 31(1) die Tesourie 'n diskresie moet uitoefen en dat 'n diskresie nie ingevolge 'n voorafbepaalde beleid aan bande gelê mag word nie.

Namens Sanlam is betoog dat die verskillende wetsbepalinge benader moet word met die vooropstelling dat die gemeenregtelike prerogatiewe reg om oor bona vacantia

te

te beskik, bly voortbestaan behalwe insoverre dit duidelik deur wetgewing ingekort mag wees en nie met die vooropstelling dat sodanige beskikkingsreg deur wetgewing geskep moet word nie (sien Union Government v Tonkin 1918 AA 533 op 541); dat indien statutêre magtiging vir die sessie gevind moet word, dit te vinde is in art 31(1); dat Kemp se eie opinie waaronder hy opgetree het, irrelevant is; dat die enigste vraag net is of die Tesourie die bevoegdheid gehad het om afstand te doen van die vorderingsregte en dit te bewerkstellig deur die sessie.

Die geleerde Regter a quo het bevind dat betoog B nie kan slaag nie en die volgende gesê:

"In soverre art 31 dus van die Tesourie 'n waghond maak, moet hy soms noodwendig ook

oor

oor homself waghond speel."

"Die sessie val binne die kategorie van transaksies wat die Tesourie bevoegd is om goed te keur ingevolge art 31(1) van die Skatkis- en Ouditwet. Soos reeds gemeld, is geen wetsbepaling aan my uitgewys waarkragtens 'n ander Staatsinstansie die primêre bevoegdheid het om 'n sessie van hierdie aard aan te gaan nie, en ek kon geen vind nie. Gesien die Tesourie se tradisionele betrokkenheid met bona vacantia van hierdie aard, sou dit my verbaas as so 'n wetsbepaling bestaan. Na my mening moet die Tesourie se bevoegdheid om transaksies goed te keur ook die bevoegdheid insluit om sodanige transaksies aan te gaan waar dit nie binne 'n ander instansie se bevoegdheid val nie."

Soos later sal blyk is ek ook van mening

dat betoog B nie kan slaag nie, maar op ander gronde. Op

hierdie stadium wil ek net meld dat niks in hierdie

uitspraak

uitspraak beskou moet word as 'n aanduiding dat ek dit eens is met, of verskil van die bovermelde dicta van die geleerde Regter a quo nie.

Dit blyk uit mnr Kemp se getuienis dat toe hy Sanlam se versoek oorweeg het en daarna die sessie onderteken het dat hy ingevolge die Tesourie se beleid en kragtens art 31(1)(i) opgetree het. In Sanlam se verdere besonderhede van eis is dit ook gestel dat die Tesourie ingevolge art 31(1)(i) opgetree het. Al wat nodig is om te sê, is dat die korrekte verwysing na 'n betrokke magtigende bepaling nie 'n vereiste vir die geldigheid van 'n magsuitoefening is nie. Die feit dat Kemp se mening verkeerd is, kan die bestaan of omvang van die bevoegdhede

bevoegdhede nie raak nie. Kyk STEYN, Die Uitleg van Wette

vyfde uitgawe bl 206 nota 5 en die gewysdes daar aangehaal.

Die submitisie dat die Tesourie nie 'n behoorlike diskresie

uitgeoefen het nie, kan nie slaag nie. Dit is vanself=

sprekend dat die beleid self die gevolg is van 'n

vorige uitoefening van 'n diskresie. In alle geval,

Kemp het die saak deeglik oorweeg en sy besluit geneem

nadat regsadvies ingewin is.

Ek het al die bovermelde betoë oorweeg

maar om die redes wat volg vind ek dit onnodig om hulle te

bespreek.

Die lang lys van sake wat vroeër gesiteer

is bewys dat die beginsel dat ontbinde maatskappye se

eiendom

eiendom die Staat toeval sonder teenspraak sedert

Ex Parte Sprawson, sup cit, aanvaar is. Hierdie prerogatief

is nie deur enige wetgewing afgeskaf nie. Sedert die

Sprawson-saak is dit gevestigde bestaande praktyk dat in

alle aansoeke, ingevolge art 191 van die Maatskappywet 36

van 1926 en art 420 van die nuwe Maatskappywet 61 van 1973,

om die tersydestelling van die ontbinding van 'n

maatskappy, kennis van die aansoek aan die Departement

van Finansies gegee word waar die betrokke bates van die

ontbinde maatskappy bestaan uit 'n vorderingsreg of geld.

Kyk Henochsberg on the Companies Act, 3de uitgawe, bl 734

en die gewysdes daar aangehaal; kyk ook Joubert, Lawsa,

Vol 4 par 501 nota 18 en die gewysdes daar aangehaal.

Die

Die beleid dat die Staat hom nie verryk ten koste van iemand wat belang het in die herregistrasie van die maatskappy nie, is bestaande praktyk. Uit die gewysdes blyk dit dat dit nog steeds die gebruik is dat die Tesourie (die fiscus) die reg uitoefen om te besluit of die Staat aanspraak sal maak op die geld of vorderingsreg by die ontbinding van 'n maatskappy.

Die Sprawson-saak is die fondament waarop die latere sake berus. Die praktyk en prosedure bestaan reeds vir sewentig jaar. Dit is in die algemeen aanvaar en toegepas. Mens moet aanvaar dat alle Staatsdepartemente en die wetgewende gesag te alle tye daarvan bewus was. Geen stappe is oor die tydperk van sewentig jaar gedoen

om

om dit te verander nie. Hierdie Hof sou derhalwe
 duidelike bewys van 'n foutiewe benadering vereis vóór dit
 dié praktyk en prosedure omverwerp.

Indien Mankor steeds bestaan het sou hy
 die eienaar gewees het van die vorderingsregte. Hierdie
 regte sou vanself aan Sanlam oorgegaan het. By Mankor se
 ontbinding het die regte die Staat toegeval as
bona vacantia. Die Tesourie is die departement wat
 namens die Staat die bevoegdheid gehad het om te besluit
 dat die Staat nie aanspraak op die regte sal maak nie.
 Normaalweg sou 'n hof die ontbinding van Mankor tersyde
 gestel het en vanweë sy beleid sou die Tesourie nie
 aanspraak gemaak het nie op die regte wat aan Mankor sou
 teruggeval

teruggeval het en dus oorgegaan het op Sanlam. Die
 beleid en gebruik is dat die Staat hom nie verryk ten
 koste van enige regmatige aanspraakmaker nie. Sanlam
 was die enigste regmatige aanspraakmaker. Die sessie
 was die praktiese manier om die regte aan Sanlam oor
 te dra. Deur die ondertekening van die sessie het die
 Tesourie die regte aan die regmatige aanspraakmaker
 oorgedra. Hierdie handeling verskil nie in beginsel
 of in praktiese gevolg van wat sy roetine-optrede sou
 gewees het indien 'n aansoek om herregistrasie van Mankor
 ingevolge die Maatskappywet plaasgevind het nie. Ek
 is dus van mening dat die Tesourie die bevoegdheid gehad
 het om die sessie aan te gaan. Dit volg dat betoog
 B nie kan slaag nie.

Om

Om op te som, die Staat het by die
 ontbinding van Mankor eienaar geword van die vorderings=
 regte. Die Tesourie het die bevoegdheid gehad om namens
 die Staat van sy regte afstand te doen ten gunste van
 die regmatige aanspraakmaker, Sanlam. Om dit te
 bewerkstellig is die sessie aangegaan.

Die appèl kan dus nie slaag nie en word
 afgewys met koste, insluitende die koste van twee advokate.

O. GALGUT, Wnd AR

RABIE,	HR	)	
JANSEN,	AR	)	
CORBETT,	AR	)	Stem saam
JOUBERT,	AR	)	